| | | |
|---|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE | |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE | |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE | |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE | |

# IN DIE NOORD-KAAP HOË HOF, KIMBERLEY

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA & R 3/2012** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **23 / 04 / 2012** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **04 / 05 / 2012** |

In die saak tussen:

**KONJIWE MASOKA** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

*Coram:* Lacock, R *et* Williams, R

## UITSPRAAK OP APPÈL

**Lacock, R**

1] Die appellant het op 20 September 2011 in die landdroshof, Galeshewe, skuldig gepleit op 'n aanklag van 'n oortreding van artikel 5(b) van Wet 140 van 1992 deurdat sy handel gedryf het in 'n ongewensde afhanklikheidsvormende middel te wete 5,495 kilogram dagga. Na skuldigbevinding is sy gevonnis tot 48 (AGT EN VEERTIG) maande gevangenisstraf waarvan 24 (VIER EN TWINTIG) maande voorwaardelik opgeskort is vir 'n periode van 5 (VYF) jaar. Sy kom nou in hoër beroep teen die vonnis haar opgelê.

2] Namens die appellant voer Adv Nel aan dat die vonnis die appellant opgelê, gegewe haar persoonlike omstandighede, skokkend swaar en onvanpas is. Mnr Nel betoog dat die verhoorhof onvoldoende gewig geheg het aan die volgende persoonlike omstandighede van die appellant:

2.1 Tydens vonnisoplegging was die appellant 35 jaar oud.

2.2 Sy is die moeder en enigste ouer van drie afhanklike kinders, waarvan twee nog minderjarig. Sy versorg hierdie kinders.

2.3 Die appellant het geen vorige veroordelings nie en was dus 'n algeheel eerste oortreder.

2.4 Ten tye van die pleeg van die misdryf was sy werkloos en het dagga verkoop ten einde haarself en die kinders te onderhou.

2.5 Sy ly aan 'n longkwaal.

2.6 Sy het berou getoon vir die oortreding gepleeg soos verstalt in haar pleit van skuldig.

3] Benewens die voorgaande is dit gemeensaak dat die hoeveelheid dagga ter sake min is, naamlik 5,495 kilogram. Die waarde daarvan is onbekend.

4] Mnr Nel steun vir sy betoog op 'n reeks gerapporteerde sake waaruit dit blyk dat die Howe nie ligtelik 'n eerste oortreder wat hom of haar skuldig gemaak het aan hierdie tipe misdryf, direkte gevangenisstraf sonder die keuse van 'n

boete oplê nie, of, waar gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete opgelê is, daardie gevangenisstraf in geheel voorwaardelik opgeskort word nie.

In die lig daarvan dat Adv Kgatwe namens die Staat toegee dat die direkte gevangenisstraf die appellant opgelê skokkend onvanpas is, vind ek dit nie nodig om met die gesag soos aangehaal hierin verder te handel nie.

5] Indien die voormelde persoonlike omstandighede van die appellant behoorlik opgeweeg word teen die erns van die oortreding asook die openbare euwel teweeggebring deur dwelms, en voorts oorweging gegee word aan die belange van die kinders van die appellant wat noodwendig uiters nadelig getref sal word indien hul moeder en enigste onderhoudsvoog vir 'n tydperk na die gevangenis gestuur sou word, is ek dit eens met die advokate dat die vonnis die appellant opgelê 'n gevoel van skok opwek. Vervolgens, en in belang van geregtigheid, is dit nodig vir hierdie Hof om die vonnis die appellant opgelê ter syde te stel en te vervang met 'n gepaste vonnis.

6] Bygevolg word die volgende bevel hierin verleen:

**1. DIE SKULDIGBEVINDING WORD BEKRAGTIG.**

**2. DIE VONNIS DIE APPELLANT OPGELÊ WORD TER SYDE GESTEL EN VERVANG MET DIE VOLGENDE:**

**"2.1 'N BOETE VAN R2,500.00 (TWEEDUISEND VYFHONDERD RAND) OF, BY WANBETALING, 24 (VIER EN TWINTIG) MAANDE GEVANGE-NISSTRAF.**

**2.2 BENEWENS DIE VOORGAANDE, GEVANGE-NISSTRAF VAN 2 (TWEE) JAAR WAT IN GEHEEL OPGESKORT WORD VIR 'N PERIODE VAN 4 (VIER) JAAR OP VOORWAARDE DAT DIE BESKULDIGDE NIE WEER SKULDIG BEVIND WORD AAN 'N OORTREDING VAN ARTIKEL 5(b) VAN WET 140 VAN 1992 GEPLEEG GEDURENDE DIE TYDPERK VAN OPSKORTING NIE."**

**3. DIE VONNIS WORD TERUG DATEER NA 20 SEPTEMBER 2011.**

____________________

Lacock, R
**REGTER**

Ek stem saam.

____________________________

Williams, R
**REGTER**

| | |
|---|---|
| **Namens Appellant:** | Adv. IJ Nel i.o.v André Potgieter & Vennote |
| **Namens Respondent:** | Adv. Kgatwe i.o.v Direkteur van Openbare Vervolgings |